Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-07-19

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"
Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het nog voorraad en daar is van die volgende groottes beskikbaar:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Ons wag nog vir die 9-10 jarige "tops"
Indien u nog belangstel stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

KOERANTE
Ons benodig asb dringend "ou" koerante vir die tafels. Ons is bewus daarvan dat ouers aanlyn nuus lees, maar dalk is u bewus van iemand wat nog koerante koop en lees.

KONSERT
Ons is baie jammer om u mee te deel dat ons jaarlikse konsert nie hierdie jaar gaan plaasvind nie. A.g.v. die herstelwerk aan die saal se dak, kan ons nie oefen in die saal nie. Hulle is steeds besig daarmee en gewoonlik begin ons teen hierdie tyd reeds oefen.

GRAAD R-INLIGTING:

TANDARTS UITSTAPPIE
Om by ons "Tandetema" aan te sluit gaan elke klas volgende week 'n geleentheid kry om die tandarts te besoek. Ons maak gebruik van Dr. Basson en Kruger se praktyk. Voltooi asb. die Google-vorm wat uitgestuur gaan word.

Ouers wat help met vervoer moet asb. betyds by die skool wees. Die uitstappie behoort ongeveer 'n uur te neem.
Kleuters moet asb. hul skoolhempies of skool"tops" aanhê.

Die verskillende klasse gaan op dié verskillende dae:

Vissieklas:	Maandag 22 Julie om	09:00 tot 10:00
Hasieklas:	Dinsdag 23 Julie om	09:00 tot 10:00
Eendjieklas:	Donderdag 25 Julie om	09:30 tot 10:30
Beertjieklas:	Donderdag 26 Julie om	09:30 tot 10:30

Ons tema vir die week is:	**TANDE**	
Ons persepsies is:	Getal:	**7, sewe en sewende**
	Klank:	**w-klank**

Assessering:		**Dae van die week** **Voer 3 instruksies uit** **Ouditiewe sintese: Juffrou klank k-a-t; Wat hoor jy?** **Balanseer op een been**
Maandag	22 Julie:	***Bring prente wat met 'n w-klankie begin, asb.*** ***Vissieklas uitstappie om 09:00***
Dinsdag	23 Julie:	***Hasieklas uitstappie om 09:00***
Woensdag	24 Julie:	Bak-en-Brou: 'n Mondjie met tande
Donderdag	25 Julie:	***Eendjieklas uitstappie om 09:30***
Vrydag	26 Julie:	***Beertjieklas uitstappie om 09:30***

GRAAD RR-INLIGTING:

EKSTRA KLERE

Onthou asb. om 'n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool.
Hulle moet ook met 'n warm baadjie skool toe kom, asb! Hulle speel reeds vroeg buite en kry dan baie koud.

Ons tema vir die week is:		**DINOSOURUSSE**
Ons persepsies is:	Getal:	**3**
	Klank:	**d-klank**
	Kleur:	**Geel**
	Vorm:	**Driehoek**
Maandag	22 Julie:	Ons verf 'n dinosourus
Dinsdag	23 Julie:	Ons maak 'n Diplodokus
Woensdag	24 Julie:	Ons teken 'n dinosourus
Donderdag	25 Julie:	Ons leer meer oor vulkane en die einde van die dinosourusse
Vrydag	26 Julie:	Lekkertjiedag

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel